

8

JESUS

Jesus bring lig in ons lewe

FASELES

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet glo dat Jesus lig in hul lewe bring.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- Jesus is die lig van hul lewe.
- Jesus bring vreugde, gemoedsrus, kalmte, vrede.
- sonder Jesus is hulle swaarmoedig, bekommerd, bang, en nie gelukkig nie.
- hulle moet lig bring in ander se lewens.

Gesindheid

Die kinders moet dankbaar wees dat Jesus die lig van hul lewe is.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- kan opnoem hoe hul lewens verander as hulle in Jesus glo.
- prakties lig in iemand se lewe gaan bring.

MEER INLIGTING (Genesis 1: 1-3; Johannes 1: 1-12 en 8: 12)

In die Bybel word donkerte gebruik om te sê iets is sleg, seer, dood of “onbewoonbaar” soos dit in Genesis 1 staan. Waar donkerte is, is alles deurmekaar, daar is chaos, daar is nie lewe nie. Eers toe God lig geskep het, het daar orde en lewe gekom.

Wanneer dit donker is, kan 'n mens ook verdwaal en baie seer kry; diewe kan jou oorrompel en jy kan selfs doodgaan. In die donker doen mense ook allerhande lelike en skelm dinge. Jesus sê in die donker doen mense sonde en dwaal hulle van Hom af. Hulle vergeet van Hom. As Hy weer terugkom aarde toe, sal Hy hulle aan die slaap vang. Jesus vertel ook in Matteus 25 van die 5 meisies wie se lampe doodgegaan het omdat hulle nie gesorg het vir genoeg olie nie. Dit was toe donker en hulle het te laat gekom om saam met die bruidegom na die bruilof te gaan. Dit beteken hulle was nie reg om saam met Jesus "hemel" toe te gaan nie.

As die Bybel sê Jesus is ons lig, word bedoel Hy bring geluk en vreugde. Hy vat ons sonde weg en daarom hoef ons nie meer bang te wees vir die dood nie. Die duiwel sal nie meer 'n houvas op ons hê nie.

Daar was nog altyd baie mense wat eintlik in die donker leef. Dit beteken hulle leef weg van Jesus af. Die ergste is dat hierdie donker nie kan weggaan, nie eens as hulle 'n kers opsteek, 'n flits laat skyn of selfs 'n elektriese lig aanskakel nie. Dit is die donkerte van sonde wat 'n mens ongelukkig maak en die dood bring. Dit kan net weggaan as Jesus weer deel van hul lewe word. Net Hy is die ware lig wat sonde en dood wegvat.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- 'n Flits sonder batterye.
- Batterye om die flits te laat werk.

KOM ONS BEGIN

Open met gebed.

HET HULLE ONTHOU?

- Die vorige faseles – Les 2 – is weke gelede aangebied. Verfris hul gedagtes en bespreek weer kortliks die volgende:
 - Laat een of twee vertel wat hulle vir hul ouers met hul selfone geskryf het oor waarom hulle gereeld kerk toe wil gaan.
 - Vra wat ons Kerk se naam is. (*Hervormde Kerk.*)
 - Kyk of een van hulle dalk weet wat ons Kerk se volledige naam is. (*Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.*)
- Vra die volgende vrae en help hulle met die antwoorde:
 - Wie het, nadat die Heilige Gees uitgestort is, vir die mense in Jerusalem gepreek? (*Petrus.*)
 - Wat was die belangrikste van wat Petrus gesê het? (*Elkeen wat in Jesus glo, is 'n kind van God.*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Sukkel kamstig om die flits te laat brand. Die kinders sal wonder: Wat nou?

IETS INTERESSANT

Sit die flitslig eenkant neer en gebruik MEER INLIGTING om te vertel wat die Bybel bedoel met lig en donkerte, en dat God lig gebring het en steeds die lig in ons lewens is.

IETS BELANGRIK

Skerp weer die volgende by hulle in:

- In die Bybel word donkerte gebruik om te sê iets is sleg, seer of deurmekaar.
- Eers toe God lig geskep het, het daar orde en lewe gekom.
- In die donker doen mense ook allerhande sonde en lelike en skelm dinge.
- As die Bybel sê Jesus is ons lig, word bedoel Hy bring geluk en vreugde.
- Hy vat ons sonde weg.
- Die duiwel sal nie meer 'n houvas op ons hê nie.

IETS OM TE DOEN

- Maak dit so donker moontlik in die klas. Laat die kinders in 'n kring sit. Hou 'n flitslig waarvan die batterye uitgehaal is, by jou. Maak die Bybel by Genesis 1: 1-3 oop. As dit nog lig genoeg is om maklik te lees, probeer 'n skaduwee oor die gedeelte gooi. Verduidelik aan die kinders dat hulle die gedeelte saam gaan lees terwyl hulle die flitslig op die gedeelte laat skyn. Moenie die batterye van die flitslig insit nie, maar hou dit byderhand.
- Vra 'n kind om die flitslig aan te sit. As die flitslig nie skyn nie, vra die kinders se raad. Bring die batterye te voorskyn. Plaas dit in die flits en laat een die gedeelte lees. Verduidelik dan: Om ons lewe “bewoonbaar” te maak, met ander woorde, dit goed en gelukkig te maak, moet God ook lig in ons lewe bring.
- Laat 'n kind nou Johannes 1: 1-5 lees. Verduidelik dat hier van Jesus gepraat word. Jesus is die ware lig, wat veral ons sonde weggeneem het. Hy laat ons ook nie net hier op aarde lewe nie, maar laat ons lewe vir ewig en altyd.
- Vra of hulle die volgende sinne kan voltooi met die woorde *bang*, *Jesus*, *gelukkig*, *lig* en *donkerte*:
 - Wie is die lig vir die wêreld? (*Jesus*.)
 - As jy in Jesus glo, is daar (*lig*) in jou lewe.
 - As jy nie in Jesus glo nie, is daar (*donkerte*) in jou lewe.
 - As jy in Jesus glo, is jy (*gelukkig*).
 - As jy nie in Jesus glo nie, is jy baie kere (*bang*).

BY DIE HUIS

- Hulle kan hierdie speletjie tuis gaan speel. Laat hulle hul ouers, broers en susters vra om saam te speel. Hulle kan dit ook saam met hul maats speel.
 - Hulle vat 'n sak, en pak die sak in die geheim vol met enige voorwerpe.
 - Hulle vat die sak na elke persoon in die vertrek.
 - Hulle vat nou 'n ou lap en bind die persoon se oë toe – dit is met ander woorde vir hom of haar “donker”.
 - Hulle vra dat sy of hy die voorwerpe een vir een uit die sak moet haal en moet raai wat dit is.
 - As die persoon sukkel, mag daar maar 'n leidraad gegee word.
 - Herhaal dit met 'n volgende persoon.
 - Die persoon wat die meeste voorwerpe kon identifiseer, is die wenner.

- As hulle die speletjie voltooi het, antwoord hulle die volgende vrae:
 - Wat dink jy leer ons uit hierdie speletjie? (*Antwoorde gaan verskil. Iets in die volgende trant is reg: Ons leer dat dit soms moeilik is om die regte dinge te weet en te doen.*)
 - Wie is die lig vir die wêreld? (*Jesus.*)
 - As Jesus die lig in my lewe is, gaan die volgende in my lewe gebeur. (*Ek gaan: bly wees my sonde is vergewe, nie vir enige ding bang wees nie, mense help wat probleme het, ensovoorts.*)
 - Ek gaan soos volg lig bring in iemand anders se lewe. (*Hom of haar vertel dat Jesus ons sonde weggevat het, iemand saam nooi kerk toe, mense help as hulle probleme het, ensovoorts.*)

AFSLUITING

Sluit af met gebed.